## 14 Junie - JESUS

**Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18**
**Fokusgedeelte: Johannes 1:1-5**

Baie sê dat Jesus nie God is nie. Hy is moontlik 'n goeie mens wat vir ons die voorbeeld stel wat ons moet navolg. Ons moet sy voorbeeld volg om reg te lewe teenoor ons naaste. Hy is egter nie God nie.

Die Heilige Gees sê vir ons by monde van Johannes: Jesus was nie net by God nie, maar Hy was en is God. Omdat Hy God is, is die verlossing van ons sondes, en die ewige lewe, waar en seker aangesien dit alles uit God se Vaderhand kom. God verlos ons, en daarom Jesus Christus wat self ook God is.

Ons bely dan ook dat Jesus Christus, saam met die Vader en die Heilige Gees, God is. Een Goddelike wese, met drie onderskeie Persone. Selfs voor die grondlegging van die wêreld, voor die skepping van die hemel en aarde, was Hy reeds daar. Hy was toe al ten volle betrokke by die skepping van alles. Hy het ook die lewe en die lig geskape, sê Johannes.

Hy, wat Lewe is, het die Lig van die wêreld geword (vgl. Joh 8:12). Hy kan daarom ook geen donkerheid en duisternis duld en verdra nie. In Hom is geen duisternis nie, want in Hom is geen plek vir duisternis nie. Hy is self die Lig en word deur die duisternis en alles en almal wat daarin bly leef, verwerp.

Ons word as sondaarmense ontvang en gebore in duisternis, in sonde en daarom word ons kinders van die toorn van God genoem. Maar daar is vir ons lig: Jesus Christus het vir ons na die aardegekom. Hy het die stryd met die duisternis aangeknoop en het oorwin.

Hy neem jou en my duisternis van ons af weg, as ons net in Hom glo en vir Hom lewe.

*Sing: Skrifberyming 4-7:2* *Dr De W Saaiman (Durban-Noord)*